


ORANIA GEMEENSKAPSKOERANT

# KOERANIA

Mei, 2024 | Volume 01 | Uitgawe Nr. 06




# Die battery wat die ekonomie kan stimuleer

Dia van Staden - Redakteur

Orania is in die afgeleë Noord-Kaap gesetel en het op Donderdag 25 April ontvangs geneem van 'n reuse batterysisteem wat die geleentheid sal skep vir die dorp om voortaan tussen 06:00 en 22:00 beurtkragvry te wees.

Die drie vragmotors het skuins voor 08:00 die dorp binne gery en 'n groot groep uitbundige inwoners het die konvooi verwelkom. Daar was 'n energieke geskarrel by die plek wat vir die battery as staanplek voorberei is. Die elektriese span van die Orania Dorpsraad en verskaffers was byderhand om seker te maak dat hulle presies weet waarmee hulle vir die volgende maand of twee gaan werk.

Die elektrisiteitsverskaffer, Orasol, deel Koerania mee dat die 4.8MWh BESS 4.3MWh bruikbare kapasiteit met 'n maksimum uitset van 2.75MWh bied. Mauritz Meyer, hoof van elektries by die Dorpsraad verduidelik dat daar nog baie werk is voordat die battery operasioneel sal wees. "Ons wag nog vir heelwat toerusting van verskaffers in Gauteng af voordat ons sekere noodsaaklike koppelings kan doen," vertel hy.

Volgens Mauritz moet die skakeltuig wat in die skakelkiosk geinstalleer moet word nog arriveer, maar die basis waar hy moet staan is reeds voltooi. Die skakelkiosk sal gekoppel word aan die hoofsubstasie in die netwerk.

Tans is die elektriesespan se fokus om die kabels tussen al die tipes toerusting gekoppel te kry. Mauritz vertel dat die gelykstroomkabel reeds gekoppel is, en dat sekere kontrolekabels tussen die beheerkas, wat nog moet arriveer, en die batterye tans gekoppel word.


Die trokke met die batterye ry Orania binne

Die hele proses van koppeling en toetsing behoort ten minste twee maande te neem voordat die stelsel in volle werking gestel sal kan word. Die gemeenskap sien daarna uit om produktief te wees sodat die ekonomie kan floreer.

Die multi lithium-ioonbatteryselle bevat 'n vloeistofverkoeling wat tot optimale temperatuurbestuur sal lei. Die huidige kragbehoefte in Orania is tans ongeveer 1.2MW en bereik soms 'n piek van 1.9MW. Alles dui daarop dat die battery vir die hele dorp krag kan voorsien vir 2 ure in piektyd en 3 tot 4 ure gedurende ander tye wanneer die battery ten volle gelaai is. Orasol se sonplaas verskaf reeds 1.25MW wat 40% van Orania se elektrisiteitsbehoeftes dek.

Terwyl daar nie 'n bedrag bekendgemaak is vir die batterykoste nie vertel Riaan Jacobs, Projekbestuurder van Orasol, dat onafhanklike akademici beraam dat die dorp se jaarlikse ekonomiese verlies wat aan beurtkrag toegeskryf kan word, meer as dubbeld die prys van 'n battery beloop.

Dit is vir Orasol se bestuur belangrik dat die hele gemeenskap by die proses moet baat. "Die droom is om elektrisiteit uiteindelik goedkoper te kan verskaf, sodra die skuld grootliks gedelg is," vertel Riaan.

"Orania groei tans met tussen 10 en 16% en die toekomstige uitbreiding van Orasol se van die inwonertal se groei en ESKOM se vermoë om aan behoeftes te voorsien afhang," sê Jacobs.

*Meer fotos op blady 2*


Marinda le Grange, skilder, het onlangs die kunswerk van Frans de Klerk, voormalige Uitvoerende Hoof van die Orania Dorpsraad, aan die dorpskantoor oorhandig.

Foto: Nadia Ettwein

KITSNUUS ⊕ Lees meer binne

**VellieVoeteFees stap vir gestremdes**
*Bladsy 3*

**BKO het verjaar**
*Bladsy 5*

**Raar maar Waar 25 Mei**
*Bladsy 7*

**'n KultuurKuier vir Orania**
*Bladsy 8*

**Moeders se raad**
*Bladsy 10*

**Huppelkind hou wynproe**
*Bladsy 11*

**Dantél berei kragtig voor**
*Bladsye 12*

## Sosiale Media

- Orania Dorpsraad
- oraniadorpsraad
- oraniabeweging
- oraniabeweging
- Koerania

## NOODNOMMERS

**Ongevalle | Brand | Veiligheid**
060 501 7877 of 053 207 0089

**Water & Riool | Elektries**
053 207 0063/4 (Kantoorure) 053 207 0089 (Na-ure)
Misbruik van enige van hierdie nommers is strafbaar.
Na-uurse tegniese bystand is vir die rekening van die inwoner, tensy die probleem veroorsaak is deur 'n fout aan die kant van die Dorpsraad se infrastruktuur.

**KOERANIA REDAKSIE: Redakteur** Dia van Staden | **Grafiese ontwerp / Uitleg** Koos Gagiano | **Kontakbesonderhede** redakteur@koerania.co.za Tel: +27 83 726 1180



# KOFFIE EN KLETS

## met die redakteur



Moedersdag en moederloos? Die sosiale media platforms begin knap na middernag kreun van al die gelukwense en geskrewe liefdesboodskappe vir moeders. Dit is mooi en goed. Ek wonder tog of diesulkes die oortuiging en moed het om dit vir mamma te sê terwyl hy of sy haar in die oë kyk?

My moeder is in 2009 as gevolg van nalatigheid van ‘n ginekoloog en uiteindelik absoluut nare vaginale kanker oorlede. Sy was my lewenskompas. Die gemis is knellend, maar ek dink die algemene lewensuitdagings van 2024 sou haar nie, soos baie van ons, opgewonde maak nie. Sy sou moedig bly, en saam sou ons allerhande voorstelle vir oplossings kon bepraat.

Ek kan Nataniël se woorde 100% beam: “Een van my stokperdjies is huil, dis die een ding wat sorg dat ek nooit die kluts sal kwytraak nie. Ongelukkig het ek af en toe ’n goeie of besige week en kry dan nie tyd of rede vir ’n behoorlike tranedal nie.”

Trane was die gemoed skoon. Dit laat kortisol vlug. Dit vervaag realiteite vir ‘n rukkie, voordat jy weer die werklikheid vierkantig moet aangluur.

Ma se lesse was legio. Elke “wees ‘n dame” het ongelukkig op dowe ore geval. Hoe doen mens dit met vier broers in die omte? Haar kook, bak, naaldwerk, musiek en kunsvernuf het sy aanhoudend ontwikkel. Wat ‘n voorbeeld van variasie en altyd leerbaar wees!

‘n Ma bly onlosmaaklik deel van ons DNS. Sy is jou sekuriteit, jou manière, jou maniertjies, jou motivering, jou disprin, jou klop op die skouer as jy goed gevaar het en jou vashou as jou hart pyn.

Ons moet tyd koester – kwaliteit tyd. Nie net sommer leeglê en geen waarde toevoeg nie. Moenie ander se ore as jou asblik gebruik nie. Gesels deur die moeilike goed en groei in die proses. Ons is slegs vir mekaar geleen.

Onthou om die koffie te skink voor jy die geklets begin. Laat jou woorde waar, respekvol en van alle leuens verwyder wees.

Sien jou in die strate of tussen die blaaie van Koerania!







Lida Strydom - Burgemeester

# Een liggaam met baie dele

Orania is ‘n besige klein gemeenskap. Dit is ‘n gemeenskap waar dinge gebeur. Dinge gebeur egter nie vanself nie, dinge gebeur omdat mense dit láát gebeur. Die afgelope tyd is daar ‘n wonderlike nuwe gees in Orania: Al hoe meer Oraniërs laat dinge gebeur. Hulle laat hierdie dinge gebeur, nie net vir hulleself nie, maar tot voordeel van alle Oraniërs. Dit is ‘n pragtige gees van saam-verantwoordelikheid neem wat ‘n kragtige sinergie skep.

So het die Forum vir Gestremdes tot stand gekom en die Vellievoetefees aangebied,

‘n maandelikse Aandmark met ‘n nuwe, vars baadjie is geïnisieer,

‘n groepie het verantwoordelikheid geneem om die muurbalbaan te herstel en ‘n klub begin,

‘n dans is ten bate van vloedslagoffers gereël,

stappers reël ‘n gesellige saamstap op Saterdagoggende,

‘n Woensdag-wedloop vind weekliks plaas,

die speletjiesaand: Raar maar Waar samel geld in vir die Forum vir Gestremdes,

Orania Dieresorg sorg vir weesdiere in Orania,

‘n leerlingraad reël ‘n stap vir Bybels,

‘n noodhulpgroep is letterlik dag en nag beskikbaar om te help,

‘n stap om vir leiers te bid vind binnekort plaas,

‘n groep werk kliphard aan ‘n rolbalbaan vir Orania,

nog ‘n groep versorg diegene waar ‘n geliefde gesterf het.

Die lys gaan voort.

Hierdie is Oraniërs wat met trots eienaarskap van hulle gemeenskap neem. Hulle raak betrokke en vestig samehorigheid, hulle bou bande en skep verhoudings, hulle is kreatief en innoveer, waar daar gebrek is aan bronne, maak hulle self planne. Hulle maak ander mense deel van die kring en werk saam na ‘n gemeenskaplike doel. Hierdie mense bring positiewe energie en skep ‘n veerkragtige gemeenskap wat daar is vir mekaar.

Daar vir mekaar. As’t ware deel van dieselfde liggaam. Een liggaam met baie lede. Ons lees hiervan in 1 Korinthiërs 12. En ons lees van die gawes wat ons ontvang, maar dat ons uiteindelik self die gawe ís wat ons vir ander moet aanbied.

Hierdie is ‘n gemeenskap wat my hart bly maak, want die nuwelinge in die gemeenskap trek volwaardig saam in die juk. Hulle het nou die aflosstokkie oorgeneem. Hulle verstaan die wese van Orania, dat dit baie meer volhoubaar is as die gemeenskap self verantwoordelikheid neem en nie wag vir die owerheid (of vir iemand) om alles vir hulle te doen nie. Hierdie is ‘n gemeenskap wat besig is om volwasse te raak. Hierdie is die gemeenskap waarin ek wil woon en waar ek hoop dat my nageslag sal tuis wees.

Mag ons die krag en genade ontvang om in Orania verder te bou aan ons gemeenskap. Dat ons dit sal vorm soos wat dit behoort te wees. Dat ons mekaar sal raaksien. Dat ons na mekaar sal omsien. Een liggaam met baie lede.

*Soli Deo Gloria!*

# Die battery wat die ekonomie kan stimuleer

**Vervolg**



Die hyskraan wat die swaar batterye moes oorlaai



Die geboude oppervlak vir die battery voordat die battery daarop gelaai is



Die uitlig van die batterye vanuit ‘n metaal raamwerk wat dit moes beskerm begin



Die battery word gesak tot op die stutte wat swaar gaan dra



Mauritz verduidelik dat hul oor die algemeen met 70mm kabels werk en hier is nou 240mm kabels om te koppel



Mauritz Meyer hoof van elektriese afdeling koppeling



Mauritz Meyer, hoof van die elektriese afdeling by die Orania Dorpsraad wys waar sekere koppelings sal plaasvind.


Gemeenskapsnuus
KOERANiA

# VellieVoeteFees skop met 'n barshou af!




Foto Dia van Staden













Die doel van die VellieVoeteFees, wat nou 'n jaarlikse instelling sal wees, is om die Orania-gemeenskap se harte te raak en saam te snoer om "laer te trek" om een van die kwesbaarste groepe van enige gemeenskap.

Renska Deetlefs, wie die projek geinisieer het, vertel dat persone wat met 'n gestremdheid leef en hulle families 'n gemeenskap nodig het wat gestremdheid verstaan en saam daaroor kan praat.

Op 3 Mei is die eerste VellieVoeteFees deur die Forum vir Gestremdes aangebied. Jonk en oud het met uitspattige kouse, kleurvolle klere en prettige haarstyle opgedaag om saam deur die strate te stap en hul ondersteuning vir gestremdheid te toon. Die groot groep mense het al laggend en geselsende by die CVO-skool die staptog begin en 'n lang ry het die padbesem gevolg tot hul by die Volkskool geeindig het.

"Ons moet mekaar leer ken en omarm sodat ons elkeen se unieke behoeftes en uitdagings kan verstaan en saam aan oplossings werk," vertel Renska, voorsitter van die forum.

Vir enige navrae, verdere inligting of om 'n bydrae te maak kan Renska by 083 557 2236 of vvf@gestremdes-orania.co.za gekontak word.




## OPDRAG

**Ek is die dienskneg met die een talent,
jy het vyf gekry
Sal jy my deur die lewe begelei,
sal jy vir my 'n tuiste skep
'n Kring van huislikheid
waarin ek ook kan woon
en werk en speel kan leef
Soos die sterk meeu onder die swakke
vlieg om hom 'n vrye vlug te bied,
sal jy my val verhoed
En as ons vlug voltooi is
en ons in die ander lewe kom
Sal jy wanneer ek rekenskap moet gee
vertel hoedat ek teen die bloutes
saam met jou wou vlieg,
al kon ek nooit jou goue son betree**

***Gezina Coetzee***



# A tot Z Pekanneutkonferensie lok boere wat uitnemendheid nastreef

Dia van Staden - Redakteur

Die eerste A tot Z Pekanneutkonferensie is van 23 tot 25 April op die pekanplaas, Dendron, net buite Orania, aangebied. Daar is met ywer gesprekke gevoer en aanbiedings deur kundiges gedoen om die pekanmark te voed. 'n Kleurvolle paar uitstallers het hul kundigheid en kwaliteit produkte ten toon gestel en te koop aangebied.

Johan Coetzee en Francois Slabber het die voortou geneem om die reëlings vir die konferensie te tref, terwyl dr Ben de Klerk sy plaas vir die konferensie aangebied het en as programleier opgetree het.

Johan verbou Pekanneute op Grootdrink, naby Upington langs die Oranjerivier op die Boegoeberg Besproeiingsskema. Hy is trots daarop dat hy deur baie skoolgeld en ure se navorsing die ontdekking van alternerende snoei by pekanneute aan die bedryf kono bekendstel.

Hy verduidelik dit so: "Die doel van die "snoei" is om die alternerende drag van Pekans te verminder sodat daar 'n meer egalige oes sonder dowwe neute in die aanjaar verkry kan word."

Dié drie menere is dankbaar vir 'n gemoedelike en gasvrye atmosfeer wat tydens die A tot Z Pekanneutkonferensie geheers het. Hulle vind dit moeilik om 'n gunsteling spreker uit te lig aangesien hulle saamstem dat die sprekers inligting gedeel het wat van uiters hoë gehalte was. Volgens kommentaar van boere wat die konferensie bygewoon het, was dr Ronel Hendriks se aanbieding oor biologiese produkte 'n treffende en uiters leersame aanbieding.



Konferensiegangers het genoeg geleentheid gehad om inligting uit te ruil en sosiaal te verkeer.

Francois is 'n verskaffer van biologiese produkte aan die pekanprodusente en gee raad oor organiese verbouing op 'n konsultasiebasis. Die terugvoer wat hy direk ontvang het was dat konferensiegangers die inligting behulpsaam gevind het, dat die formaat goed gewerk het en dat paneelbesprekings waardevol was. Vir hom het die aanbiedings van dr Elmi Lötze en dr Ronel Hendriks byval gevind aangesien di took temas is wat hom interesseer. "Hulle aanbiedings was uitstaande."

Francois en Johan gesels dat die Pekanbedryf nog in sy kinderskoene staan, en dat daar nog geweldig baie oor die verbou van pekans geleer moet word. "Om die mark te ontwikkel moet daar met mekaar gepraat word en kundigheid onderling gedeel word. Geen boer kan op 'n eiland werk nie," sê hulle.



Heiko Meier moes bontstaan vir vrae tydens die paneelbespreking.



Ernie Steinberg boer in die Douglasomgewing en het gesels oor hoe digtheid aanplanting.



dr Ronel Hendriks se aanbieding oor biologiese produkte vir die pekanneutbedryf word hoog geag.



Christo Viljoen se aanbieding oor groeireguleerders was uiters leersaam.



Konferensiegangers luister aandagtig terwyl kennis oor die bedryf gedeel word.

Die ontwikkel en verbetering van toerusting en implimente is 'n proses wat slegs met terugvoer van boere en fabrikante kan geskied. Ben, Johan en Francois is reeds besig om te broei oor die konferensie vir 2025, en beklemtoon dat daar reeds ruimte sal wees vir 400 mense om dit by te woon.

Vanjaar se ongeveer 277 persone het ook landboustudente van die BKO-opleidingsentrum in Orania ingesluit. Alhoewel daar min kans was vir konferensiegangers om honger of dors te word het die Oraniërs die stalletjies vir eet- en drinkgoed opgeneem en gesorg dat niemand 'n tekort het nie.

"Die konferensie het die potensiaal om jaarlikse 'n gesogte geleentheid op die pakenneutkalender te word," beaam die organiseerders.




'n Landboustudent wat by BKO studeer klop by een van die uitstallers aan vir meer inligting.



Johan Coetzee gesels met die gehoor oor die chemiese snoei van pekanneutbome.



Chris de Wet het met jare se ondervinding gesels oor die biologiese en organiese verbouing van pekanneute.



Renier Botha is die vriendelike plaasbestuurder van Dendron waar die konferensie aangebied is.

BKO
BO-KAROO OPLEIDING

# Opedag 2024

*Kom geniet die dag saam met ons!*

15 Junie 2024

BKO-Kampus

Orania

Skandeer die QR-kode of gaan na
**www.bko.co.za**
om jou plek te bespreek.

053 110 0620 061 768 1852 ontvangs@bko.co.za

Gemeenskapsnuus
KOERANIA



# BKO groei in 5 jaar van 5 na 122 studente

Carla Loots - BKO

Bo-Karoo Opleiding het vandeesmaand hulle vyfde verjaarsdag gevier vandat voltydse klasse op kampus aangebied word.

In 2019 begin BKO met hul eerste 5 voltydse studente. Op 2 Mei 2024 klink BKO 'n glasie op die sukses behaal. Dit sluit groei na 122 studente en uitbreiding van nuwe fasiliteite in. Die instansie het die dag met kolwyntjies, goeie gees en pizza gevier voordat 'n glasie op die Tegniese kampus se stoep geklink is.

Die opleidingsinstansie groei oor die jare deur verskeie kursusse by te voeg, nuwe personeel te verwelkom en telkens word net nog meer studente opgelei. Vanjaar is 21 personeellede en 122 studente deel van die BKO span. Vir elke lektor en personeellid is dit 'n voorreg om aan studente se toekoms te bou. "Om te sien hoe studente hul potensiaal ontdek en ontwikkel en om as 'n afgeronde volwassene die wêreld van werk te betree, is 'n voorreg," sê Marike Labuschagne, Hoof van Studentesake.

"Ons is positief en hoopvol oor die toekoms. Hier by BKO skep ons 'n geleentheid vir studente om in vryheid te leef en ten volle student te wees," sê Paul Vogel, die Uitvoerende Hoof. "Ons klink 'n glasie en kyk dankbaar terug na wat bereik is en gaan hoopvol die toekoms binne."

BKO het aanvanklik begin met bou- en siviele konstruksie. Later het die opleidingsinstelling begin groei en meer kursusse is bygevoeg. Die nuutste daarvan is Landbou wat in 2023 bekendgestel is. By BKO kan studente oplei word in boerderybestuur, bou- en siviele konstruksie, loodgieter, elektries asook tuisversorgingsopleiding.

"Alhoewel opleiding uitdagend kan wees, is dit 'n baie stimulerende werk wat jou hart bevredig," sê Almarie Kruger, die lektor van tuisversorging.






**Andries Kruger**
*Beampte: Studentesake*



Ek sien uit na 'n opwindende jaar vol nuwe uitdagings wat lei tot groei by die instansie en by elkeen in persoon. Ek wil diensbaar wees om gehalte vorming van elkeen wat my pad by BKO kruis, te bevorder.

**Danie Zietsman**
*Lektor: Loodgieter*



My doelwit vir die volgende jaar is om met die Loodgieterprogram van BKO sulke hoë standaarde te stel dat BKO se loodgieterafdeling as die mees gesogte instansie vir loodgieters in die land gereken sal word. Ek sien daarna uit om nog sterker bande met bykomende ambagte te bou sodat BKO se potensiaal steeds verder kan uitbrei.

**Johan Scholtz**
*Lektor: Elektries*



Om opleiding te gee was nog altyd een van my drome gewees en BKO het daardie droom laat waar word. Dit is 'n voorreg om deel te wees van die groei en ontwikkeling in elke student se lewe in die tyd wat hy of sy hier by ons is. Elke glimlag, elke oomblik van vordering is 'n bevestiging van ons missie om nie net kennis en kwaliteit werk oor te dra nie, maar ook selfvertroue, doelgerigtheid en trots.

BKO
BO-KAROO OPLEIDING

BKO sien uit daarna om volgende jaar 'n rekordgetal studente te verwelkom. Op 15 Junie hou BKO hulle eerste opedag. Verdere toekomsplanne sluit nuwe koshuise, programuitbreiding en vele meer in.

"By BKO droom ons nie net van 'n hoopvolle toekoms nie, ons bou reeds daaraan!" sê Vogel.

Besoek hul webwerf by www.bko.co.za vir meer besonderhede.

**Paul Vogel**
*Uitvoerende Hoof*



Ek stel my visier daarop om nog meer studente by BKO en in Orania te verwelkom, wat saam met ons kan deel en bou aan 'n hoopvolle toekoms vir ons en ons nageslag. As 'n span werk ons daaraan om BKO se eerste amptelike Opedag suksesvol aan te bied sodat voornemende studente meer kan leer en te wete kom oor studiemoontlikhede by ons kampus. Sien jou op 15 Junie!




## Noodhulpkennis van kritiese waarde

Die mediese noodspan het op Saterdag 27 April 'n fondsinsameling gehou waartydens spanne hulle spoed, vernuf en afronding van prosedures kon toon.

Spanne van vier persone elk kon in laerskool, hoërskool en opespanne deelneem. Daar is repetisies van fiksheidsoefeninge gedoen, gekyk watter span die vinnigste 'n verband vir 'n pasiënt kon aansit en afhaal, 'n arm spalkoefening en 'n veilige draagbaaroefening is uitgevoer.

"Met die draagbaaroefening was dit nogal belangrik dat die pasiënt nie afval nie," skerts Maria Pereira wat die inisiatief namens die noodhulpspan georganiseer het. Die wenners het elk mediese sakkies ontvang wat kan bydra tot hul volharding en verdere oefening in noodhulp.

Die fondse wat ingesamel is gaan aangewend word om nuwe toerusting vir die mediese noodspan, wat onder Weerbaarheid resorteer, aan te koop. Dié span is van onskatbare waarde vir die inwoners aangesien hul 24 uur op bystand is. In 'n geval van nood kan die OVD beheerkamer by 060 501 7877 gekontak word wat dan die mediese bystandspan sal aktiveer.

Helena Erasmus, paramedikus en leier van die noodhulpspan noem dat enige persoon by hulle kan aanklop om deel te vorm van die span. "Dit bly van kritiese belang dat individue ten minste weet hoe om Kardiopulmonêre resussitasie (KPR), bloeding en die gebeurlikheid van verstikking te hanteer," herinner Helena.






# Anesta SKEP met kreatiewe kunswerke

Anesta du Preez bied omtrent maandeliks 'n interaktiewe kunsklas op haar huis se stoep aan. Daar word kunswerke geskep terwyl daar gekekkel en gegiggel word. Sommige deelnemers is gesout in die opneem van die kwas, en ander is maar skugter om hulle pogings te wys.

Die lekkerte gaan egter enige tekort aan talent te bowe. Die eindresultaat spreek vanself en daar word unieke geskep. Of jy nou 'n wintersaand of sonnige oggend kies vir jou deelname, daar moet nooit opgehou word om met kleur en kwas te eksperimenteer nie.

Anesta du Preez by die voltooide huisies wat deur die Skepklas se kunstenaars voltooi is. Elke kunswerk kan nou 'n spesiale plek in 'n huis vind.



Linda van Antwerpen skep mooi tuine, maar ken beslis haar weg om 'n kwas en 'n verfbotteltjie. Kyk hoe mooi!



Sanri Stone kan maar spog met haar fraaie huisies.

Fransie Griesel is 'n kranige kleremaker, maar aan vindingrykheid is daar nie 'n tekort nie. Sy is saam met haar dogter, Zelda, en kleindogter, Yoraldé van Staden vir die Kroon tot Toon Afrikanerklerereeks se vervaardiging verantwoordelik. Hier het sy egter 'n ou stoel wat as nutteloos op 'n ashoop beland het, 'n nuwe lewe gegee. Haar man, Kobus , het die stoel uitmekaar gehaal sodat dit stuk-stuk afgeskuur kon word en die los dele oorgetrek kon word, voordat die pronkstuk aanmekaar gesit is. Agt denimlangbroeke en heelwat stikwerk later staan hierdie pragstoel nou trots in haar huis.



# 'n Volksliedleemte word binnekort gevul

Annamarie van der Merwe

Orania Volkslied *Kompetisie*

A*ndante cantabile* … op 'n loopgang, vloeiend en melodieus! Dít is hoe die volksliedkompetisie tans vorder. Nadat vyf liriek-finaliste aangewys is, het die komponiste nou hul kans benut en melodieë ingeskryf vir die spesifieke stel lirieke wat hul hartsnare roer.

Die Orania Kunsteraad (OkeR) fasiliteer die Orania Volksliedkompetisie nadat die behoefte aan 'n Oranialied uit verskeie geledere geopper is. In die afgelope 30 jaar kon die Klein Reus prominent pronk om die gemeenskap tot selfwerksaamheid op te roep. Die Orania-vlag wapper, volmas óf halfmas, in tye van triomf en trane. En wanneer 'n klompie Oras verblyfreg in jou beursie gekry het, word jy maklik herinner aan presies waar jy jou bevind!

Simbole versterk ons eie identiteit en snoer ons saam. Vele kere in Orania se bestaan moes Oraniërs eintlik maar in swye toekyk hoe iets groots gebeur in plaas van om jubelend te juig, siende 'n eie unieke sangsimbool nog nie gevestig was nie. 'n Leemte wat oorverdowend roep om gevul te word, hopelik teen Oktober 2024 wanneer 'n wenlied aangewys word!

Alhoewel alle inskrywings aan die basiese kompetisiereglyne voldoen het, is daar redelike variasie in die aanbieding van beide die bladmusiek en klankbane wat ontvang is. Die Volksliedkomitee is daarom tans besig om al die melodie-inskrywings na te gaan en tegnies te versorg. Handgeskrewe bladmusiek word byvoorbeeld verwerk tot 'n digitale uitleg. Laastens sal musiekkundiges en 'n paneel van beoordelaars dan die inskrywings oorweeg.

Besoek gerus https://volkslied.co.za om solank die moontlike lirieke te lees en die polsslag van die musiek te verbeel.

Binnekort sing ons dawerend saam! *Verbum ad cantorum!*

# Aandmark

**Die volgende Aandmark sal op 7 Junie gehou word.**



Die maandelikse Aandmark neem aanhoudend in gewildheid toe. Die kosstalletjies kannie voorbly nie, want meer en meer mense geniet die Vrydagaanduitstappie na die Kuierstoep in Kleingeluk om hulle aandete te koop, maar ook om gesellige samesyn met vriende, familie en die gemeenskap te geniet.



Spookasem is baie gewild vir die kinders en die skaakspel voor die biblioteek trek al hoe meer knap spelers.



Carel Boshoff en Anesta du Preez het 'n eie stalletjie met allerlei kunstige items en koeldranke beman.

# Vanuit die gehoor

#hoezitsamelewing



Francois Boyce in aksie

Elsabé van Vuuren

Ek is besig met my gewone gang toe die oproep kom: Sal jy asseblief saam met Francois Boyce van Hoezit Samelewing faam vanaf Kimberley na Orania reis en ook sommer sy lekker vertoning kom bywoon? Die uitnodiging beteken ook 'n kuiertjie by my vriendin en dat ek saam met ander Kimberliete en Oraniërs tydens die vertoning kan kuier.

Ek pak met weinig beplanning die naweek na Orania aan. Van Hoezit samelewing weet ek nie veel nie; het al die man se gesig gesien en een keer lekker vir 'n advertensie of 'n video gelag, maar dis sover my kennis strek.

Natuurlik doen ek my navorsing. Ek kyk na Facebook videos wat om die beurt roerend of skreeusnaaks is. Ek kom toe ook Francois se onderhoud op 'n oggendprogram op televisie teë. Tydens die gesprek hoor ek hom sê dat dit vir hom lekker sal wees as vrouens "beter kan voel" nadat hulle sy vertoning gesien en bygewoon het. En ek dag: "Ek hou van 'so n man wat omgee vir vrouens."



Francois het die sirkel van vroue vir 'n foto verwelkom

Die lag begin al in die motor op pad. Lientjie bestuur flink terwyl daar geklets word. Gedurende die volgende twee dae eet en drink ons uit die fontein van Orania se lekkerste kos en eetgoed. Dit is Melk en Heuning, Stokkiesdraai en Oewer Restaurant waar Francois getrakteer word. Sy massering by die Oewer Spa maak die nekspiere effe los en die bederf by Stokkiesdraai restaurant sorg vir die res. Hy maak 'n video op sy #Hoezitsamelewing platform, want Aan-die-Oewer se blyplek is 'n lus vir die oog en goed vir die siel.

Saterdagaand is daar baie van Orania se vroue in die gehoor– natuurlik rondom gesellige en mooi gedekte tafels. Gelukkig geld geen streng teater etiket nie want almal tik met die voet, wuif en klap hande en geniet die heerlikste eetgoed wat elke gasvrou voor gesorg het.



BKO se damesstudente het die geleentheid gebruik om 'n geselsie met Francois aan te knoop na 'n heerlike kuierkonsert



'n Waarderende gehoor



Joelean Snyder en Francois deel 'n ligte oomblik

Francois beskryf die vyf vroue wat 'n besondere impak op sy lewe gehad het, en daarmee saam kom 'n deuntjie wat die roerende stories toelig. Die vroue dans en sing spontaan saam; ons lag vreeslik lekker. Mens sou kon dink ons drink onbehoorlik, maar nee, ons is onder die invloed van humor en opregte egte lewensdrama. Hy laat ons dankbaar dink aan geliefdes en al die kronkels en afdraaie op die lewenspad. Ons voel beslis beter.

Wie sou nou kon dink dat mens kan filosofeer oor die dieper dinge van die lewe terwyl jy laggend 'n liedjie sing ?



Die dames het die parfuum wat Francois bemark getoets om die perfekte geur te ontdek



Wie weet wat hier gesê is dat daar so lekker gelag word



Yolandi Hanford se koeksisters het vir Francois geproe soos NOG

# Afsaal Eiendomme en Koerania se spanne gaan speel

Raar maar Waar

Afsaal eiendomme eerste op die voorgrond

KOERANIA



Musiekfabriek 2024…
Ds Ruan Combrink en Christelle de Villiers sal saam met Adri en Dolf Vogel die note laat opklink sodat die spanne en die gehoor hulle musikale raaiskote kan waag.

Dit is die dames teen die manne wat vir vanjaar se plesier verantwoordelik sal wees wanneer die derde Raar maar Waar speltjiesaand op Saterdag 25 Mei om 18:30 in die Orania Gemeenskapsaal aangebied word. Die kompetisiegees loop hoog en die uitdagings gaan spitsvondige vernuf van elke spanlid verg.

Die twee spanne word vanjaar deur Afsaal eiendomme en Koerania geborg. Die Forum vir Gestremdes gaan baat by die fondse wat ingesamel word. 'n Splinternuwe Musiekfabriek gaan opslae maak, want daar is 'n hele klomp kinkels in die note wat hulle bring!

Die persoonlikhede, wat vanjaar ook in mans en vrouegroepe verdeel is, sorg dat die gehoor voltallig is vir die speletjies en saamsing. Die sombomme sal sorg dat die puntetelling gereeld nie klop nie en James Kemp, die regter, hou sy vinger op die speletjies en beursie se pols.



Koerania…
Marcel Badenhorst, Gwen Dirker en Drizel Holtzhausen het besluit om doof, blind en stom te wees tot hulle die manne van Afsaal kan aanvat. Hulle vertrou hulle vroulike persoonlikhede om die speletjies te verower.



Afsaal Eiendomme…
Hans van Staden, Ruaan van Dyk en Reinhardt Coetzee gaan onder die radar bly tot die finale aand. Hulle ondergrondse voorbereiding sal vir hope lag sorg.

## Afsaal se manlike persoonlikhede



Riaan J van Vueren



Peter Welgemoed



Jaco van der Walt

Teen slegs R1 200-00 per tafel vir tien persone waar elkeen hul eie piekniekmandjies met kos en te drinke bring, gaan dit 'n aand vol plesier wees!

Kaartjies sluit deelname aan die speletjies vir die gehoor in en lawwe pryse kan gewen word! Kontak die Okkasie Hasie by 083 726 1180 om seker te maak dat jy dié jaarlikse lekkerte nie misloop nie.

Kaartjies is by die inligtingskantoor van die Orania Beweging of by die persoonlikhede beskikbaar.

## Ontmoet 'n paar Koerania persoonlikhede



Karin de Klerk



Lené van der Walt



Yolandi Hanford

MENINGSOPNAME

# Watter vooruitsigte bied die Orasolbattery vir Orania?



## Abrie Jonker en sy broer André

Volhoubare elektrisiteitsvoorsiening is van kardinale belang en ons is dankbaar en trots op die innoverende werk wat ORASOL sover gedoen het om hierdie doelwit te verwesenlik met die installering van ons dorp se eie 4.8 MWh battery. Die vooruitsig dat dit ons vry sal hou van beurtkrag gedurende besigheidsure, met ‘n positiewe impak op die dorp se ekonomie en groei omdat produksie en dienslewering onverpoost voortgesit sal word.



## André Coetzee

Alle goeie dinge in die lewe kom teen ń prys. Vir ons vryheid en onafhanklikheid het baie van ons reeds ń groot prys betaal. Orasol en die battery bring wel uitkoms, maar in ń reeds baie moeilike en knyptang ekonomie, gaan ons bloei om die punte bymekaar te hou!



## Jaco Mulder

Die battery is ń stap nader aan minder tot geen afhanklikheid van Eskom.

ń Stap nader aan volhoubare-en ononderbroke kragverskaffing wat die lewensomstandighede van Oraniërs sal verbeter en ń klimaat skep om volhoubare ekonomiese ontwikkeling te stimuleer.



## Johan de Klerk

Die voortuitsig is dat wanneer Eskom af is, Orania steeds elektrisiteit sal hê.

Die manier van opwekking is omgewingsvriendelik en as daar ekstra elektrisiteit in die battery is, kan dit weer terug geplaas word in die netwerk en daar kan ‘n finansiële voordeel vir die dorp wees.



## Justinus Brink

Die battery kan baie beteken vir inwoners en sakepersone wat van krag afhanklik is. Ek hoop dit lok investering, maar om industrieë te lok gaan ons ‘n vindingryke aanbod aan daardie besigheidseienaars moet maak wat die eiendomsprys, oprig van ‘n fakbriek en dienste se afbetaal kan insluit.



## Pieter Krige

Ekonomiese volhoubaarheid op weg na ons volk se vryheid.



## Pieter Loots

Die praktiese voordele van beskikbare krag is voor die handliggend. Vir my is die psigiese effek van onafhanklikheid van groter belang. Dit wys ‘n ernstige strewe na selfbeskikking en die vermoë om dit te kan deurvoer. Dit skep lang vergete hoop en selfvertroue in ons ondersteuners en gesonde respek van ons teenstaanders. Dit gee die ou Afrikaanse uitdrukking ‘van krag tot krag’ ‘n nuwe en dieper betekenis.



## Sarel de Villiers:


Indien daar beurtkrag is en Orania kan beurtkragvry wees behoort dit mense hierheen te trek. Indien daar geen beurtkrag is nie gaan ons ‘n duur heffing betaal en hopelik in die toekoms voordeel daaruit trek.

# Wysies & Woorde vir ‘n eerste KultuurKuier


KULTUURKUIER in Orania

Stef Kruger en Dana Snyman besoek Orania tydens die KultuurKuier op 1 en 2 Augustus vanjaar.

Dié twee gewilde kunstenaars vat jou op ‘n woord- en musikale reis aangesien Stef al 45 jaar liedjies skep en sing. Liedjies soos Pennies op die spoor, Grassade in die wind, Tussen jou en my en Kronkelpad beloftes om maar ‘n paar te noem. ‘n Magdom kunstenaars het sy liedjies opgeneem, maar sy persoonlike vertolkings is uitmuntend. “Wanneer lirieke uit jou eie pen kom, is daar altyd soveel meer waarde daaraan wanneer jy dit self vertolk,” vertel Stef.




Skrywer Dana Snyman se nuutste boek, Seun, sal dan die rakke tref en die inhoud handel oor sy eie lewe. Dana het ‘n unieke manier van stories vaslê en dit kry pragtig lewe wanneer hy dit self vertel.




Stef en Dana sien daarna uit om die Oraniagehore te vermaak en hulle eiesoortige kuns te kom deel.

Die KultuurKuier se volledige program sal eersdaags op Koerania se sosiale media platforms gedeel word. Dit beloof om boekwurms, liefhebbers van kuns, musiek, kultuur en kuier se aptyt mateloos te bevredig.

www.koerania.co.za

# Knap vroue glo in opheffing

Die Vroue Landbouvereniging Kaapland (VLVK) se tak in Orania vergader eenkeer per maand en dan word daar kopstukke gesels oor tuine, naaldwerk, handwerk en allerlei kreatiewe idees. Die tak in Orania val onder die Noord-Karoo Sirkel en is een van vyf take in die Noord-Kaap. Tydens hul vergadering in Mei het Nadia Schietekat, fisioterapeut, hul met praktiese strekoefening touwys gemaak.

“Ons doelwit is die opheffing van vroue en hul kwaliteite,” vertel Melanie. Die volgende vergadering sal op 20 Junie plaasvind en Grietjie kan by 079 515 0091 of Melanie Smit by 083 225 4955 gekontak word om deel te vorm van hierdie knap en doelgerigte vereniging.

Indien jy meer besonderhede benodig kan ‘n e-pos na npauto9office@gmail.com gestuur word.



Voor sit Abigail Ackermann en agter staan Grietjie van Schalkwyk, Aliva Botha, Marietjie Smit, Corli van Zyl en Wilma Brink.



Nadia Schietekat is ‘n fisioterapeut en sy het die belangrikheid van strekoefeninge vir die dames beklemtoon en prakties gedemonstreer.

Promosie




# Grootste Militêre Fees in drie jaar by die Voortrekkermonument gehou

Van vroeggoggend het die mense na die Voortrekkermonument gestroom om die jaarlikse Militêre Fees by die Voortrekkermonument by te woon. Dit is die derde jaar wat dié fees in samewerking met die Pro Patria Museum (PPM) gereël is.

Volgens Leonie Marais, direksielid en kurator van die PPM, asook erfenisspesialis van die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge (FAK), is dit die grootste Militêre Fees in die afgelope drie jaar wat getalle betref waar duisende mense opgeruk het na die Voortrekkermonument.

Henk Maree, funksies en feestebestuurder by die Voortrekkermonument, is dankbaar om soveel voete te sien. "Vir die Voortrekkermonument is dit net weereens die grootste voorreg en ondervinding om saam met die Pro Patria Museum die Militêre Fees by die Voortrekkermonument te kan aanbied. Ons sien vandag weer, 'n mens se gemeenskap is baie breër as wat jy dink. Die opkoms is ongelooflik goed en daaroor is ons baie dankbaar. Ons sien daarna uit om die fees elke jaar net groter en beter te maak."

Die fees bied verskeie aktiwiteite vir jonk en oud. Meer as 80 stalletjies, uitstallings en ook kosstalletjies het vanjaar bygedra tot die fees se reusesukses.

Volgens afgetrede genl.maj. Lawrence Smith, voorsitter van die Pro Patria Museum, is daar vanjaar 25% meer militêre veterane-organisasies wat deelgeneem het aan die fees.

Om 09:00 is 'n optog gehou om die fees in te lei waar Skotse doedelsakspelers die mense vermaak het met pragtige spel. Motorfietse en jongmanne geklee soos soldate het ook deel uitgemaak van die optog.

Verder is lesings deur veterane, wat stories uit die oorlogdae vertel, aangebied. George Richter is die eerste spreker wat meer vertel het oor die Reccess. Richter was 'n lid van die Suid-Afrikaanse Weermag se spesiale magte. Hy het gedien in 1 Recce, 4 Recce en 5 Recce. Hy het verskeie operasies gedoen in die Bosorlog en ook Mosambiek.

Ander sprekers het gesels oor afdelings in die oorlog waarvan hulle deel uitgemaak het, soos die 32 Bataljon.

"Die Militêre Fees is 'n geleentheid vir oupas om makliker met hulle kinders en kleinkinders te praat oor die bydrae wat hulle vir die land gelewer het. Die fees is ook 'n geleentheid vir ou kamerade om weer met mekaar te gesels," sê Smith.

Johan Harmse, oudlid van die Suid-Afrikaanse Weermag, het vandag vir die eerste keer die Militêre Fees bygewoon. "Ek het nou drie van my oud-Seniors hier raakgeloop. Dit is wonderlik, want ek het nie gedink ek gaan hulle ooit weer sien nie."

Cornell Louw besoek elke jaar die Militêre Fees saam met haar man. "Vanjaar is veral vir my besonders lekker. Dit is lekker om soveel mense hier te sien. My man was in die weermag, so ons kom elke jaar. Dit beteken vir hom so baie om ou vriende raak te loop."

Duisende mense het na die Voortrekkermonument gestroom vir die fees en kan al reeds nie wag vir die volgende een nie.

Jou ondersteuning kan die Voortrekkermonument se hande sterk maak om nog meer geleenthede soos hierdie aan te bied. Klik op hierdie skakel: www.vtm.org.za/donasies/



Promosie

# FAK bring huppel in stap terug

Tientalle energieke bejaardes het vanoggend saam met die FAK baljaar met liedjies uit hul prille jeug. Die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge (FAK) het Woensdagoggend 24 April na die gemeenskap uitgereik met 'n saamsingoggend by NG Kerk Raslouw.

Nege vrouens reëls maandeliks 'n saamkuieroggend vir die bejaarde gemeentelede en hierdie keer het die FAK gesorg vir 'n makietie met liedjies uit onder meer die ikoniese FAK-Sangbundel.

Lieandri Ackermann, projekbeampte by die FAK, se die hele oggend se tema was FAK.

"Die kleurskema op die tafels was groen en oranje. Die tafels was versier met Afrikanerblommetjies en regte Afrikanerkos is bedien: boontjies, pampoen, bobotie met groen en oranje jellie vir nagereg," sê Ackermann.

Dié wat die geleentheid bygewoon het, het heerlik saamgesing met 'n huppel in hul stap.

"Vandag was wonderlik! Ek het dit baie, baie geniet. Dit het my baie laat dink aan my volkspeledae toe ons nog lekker volkspele kon speel. Dit was regtig baie lekker gewees," vertel tannie Rosy Paige.

"Dit was nou regtig besonders. Ek dink elke gemeenskap of organisasie moet die FAK by hulle kry. Dit was besonders leersaam en ek wat glad nie kan sing nie, het tot twee hoogtes hoog gesing," vertel Annelie Henning.

Die FAK het selfs sangbundels as dekor vir die geleentheid verskaf, die sang gelei en ook die gehoor meer vertel oor die FAK se projekte in sy 95ste bestaansjaar.

Aan die einde van die geleentheid is 'n gelukkige trekking gehou en die wenner kry 'n naweek weg na Udolpho Rivierplaas. NG Kerk Raslouw het ook 'n skenking aan die FAK gemaak.

Dit is vir die FAK 'n voorreg om uit te reik na ons gemeenskappe en musiek na die gemeenskap te bring. Die FAK werk ook saam met die sanger, Stefan Jansen, wat as ambassadeur vir die FAK optree. Jansen besoek ouetehuise waar hy FAK-musiek vir die bejaardes speel.

Jansen reis binnekort na Nederland waar hy die mense daar sal blootstel aan Afrikaanse musiek en kultuur.

Jou vriendskap kan ons help om 'n verdere verskil in die gemeenskap te maak.

# Afrikaans amptelik 100

Afrikaans vier in 2025 haar eeufees as amptelike taal.

Ons gebruik Afrikaans al vir honderde jare, maar op 8 Mei 2025 vier sy 100 jaar as amptelike taal. Ons skop op 8 Mei 2024 af met 'n jaar se plesierigheid tot 8 Mei 2025 wanneer die taal feestelik in die Paarl by die Taalmonument gevier gaan word.

Waarvoor wag jy? Teken die Afrikaans Amptelik 100-manifes en maak reg vir 'n groot jol. Almal is genooi!

## MEER OOR AFRIKAANS 100

'n Wye en verteenwoordigende groep Afrikaanse organisasies, onder leiding van die Afrikaanse Taalraad (ATR) en Afrikaanse Taalmuseum en -Monument (ATM), stuur 'n veldtog van stapel om Afrikaans se eeufees as 'n amptelike taal te vier.

Dit is 'n gekoördineerde poging van medewerkers en ondersteuners om 'n inklusiewe feesjaar te vier wat Afrikaans in al haar variëteite, geure en kleure bymekaarbring en die belangrikheid van elke Afrikaanssprekende se rol in die voortbestaan van Afrikaans uit te lig.

Die inisiatief het die volgende doelstellings om hierdie mylpaal te gedenk:

- Ons vier die bestaan van Afrikaans as amptelike landstaal as 'n mylpaal binne haar baie langer bestaan, as 'n groep mense wat lief is vir die taal.
- Ons ondersteun Afrikaans as 'n inklusiewe taal met 'n diverse herkoms wat deur mense van alle rasse, etniese en kultuurgroepe gepraat en gebruik word.
- Ons verbind onsself tot die groei van Afrikaans en gee trots erkenning aan die bydrae wat dit tot die Suid-Afrikaanse gemeenskap maak sonder om in politiek betrokke te raak.
- Ons vier die bydraes wat Afrikaans op talle gebiede maak, soos die kunste, literatuur, onderwys, musiek en akademiese navorsing (om maar 'n paar te noem).

AFRIKAANS AMPTELIK 100

DIE GROENHUIS
GARSFONTEINWEG 38
WATERKLOOF

## VISIE & MISSIE

Om 'n diverse gemeenskap van mense wat lief is vir Afrikaans in al haar variëteite te verenig, haar hele verlede te erken en saam eienaarskap te neem vir haar toekoms.

'n Inklusiewe feesjaar wat alle Afrikaanssprekendes gelyke geleentheid bied om deel te word van die fees en die belangrikheid van elke Afrikaanssprekende se rol in die voortbestaan van Afrikaans uit te lig.

Afrikaans se honderdjarige bestaan as amptelike taal word in al haar diversiteit en in alle kontekste gevier:

- Deur die ruimhartigheid van Afrikaans op nasionale en internasionale vlak aan almal wat betrokke wil wees, asook dié wat onverskillig staan, te illustreer.
- Deur almal wat lief is vir Afrikaans te inspireer om haar sterkpunte en goeie hoedanighede te vier.



## VERDER ERKEN EN VIER ONS OOK:

- Afrikaans se diversiteit.
- Afrikaans se verskillende maar versoenbare kontekste.
- Die taal se ontstaansgeskiedenis en al haar positiewe mylpale in 'n groot verskeidenheid omgewings.
- Platforms wat geskep word vir gesonde debat oor die ontstaansgeskiedenis en die toekoms van Afrikaans.
- Afrikaans se toekomsgerigtheid en voortgesette groei.
- Afrikaans se konstruktiewe bydraes tot die Suid-Afrikaanse gemeenskap.
- Die skep en vestiging van 'n handelsmerk vir Afrikaans Amptelik 100. Ons moedig alle Afrikaanse organisasies, die media, skole, tersiêre instellings en individue aan om die geleentheid op eiesoortige wyse te vier, maar met die gekoördineerde identiteit van Afrikaans Amptelik 100.

## ORANIA DAGBOEK

**MEI:** Gesondheidsmaand (Orania Helpmekaar)

**25 Mei:** Raar maar Waar Speletjiesaand ten bate van Forum vir Gestremdes

**25 Mei:** Orania Perdryskool Opedag – Boeresport en speletjies

**31 Mei:** Orania vakansiedag aangebied deur Volkskool Orania

**JUNIE:**

**4 Junie:** Vryheidstigting Boekbespreking

**1-4 Junie:** Vakansieprojek – Orania Helpmekaar

**11 Junie:** Skole sluit

**14-16 Junie:** Vryheidstigting Jeugberaad

**24 -28 Junie:** Vakansie dansklasse deur Weltevreden Dansakademie

**29 Junie:** Winterdans in die Gemeenskapsaal deur Weltevreden Dansakademie

**JULIE:**

**20 Julie:** Orreluitvoering

**AUGUSTUS:**

**1 – 3 Augustus:** KultuurKuier (logo)

**1 Augustus:** Stef Kruger en Dana Snyman – Woorde en wysies (Gemeenskapsaal)

**3 Augustus:** Orania Skouspel – waar talent floreer

**12 – 17 Augustus:** Taaltoffietaalweek:

**12 Augustus:** FAK Liedjiesaand by Gannabos

**13 Augustus:** Woordspeletjiesaand

**14 Augustus:** Gemeenskapskonsert

**15 Augustus:** Toneel - Verhaal van Helen Martins - Huppelkind

**16 Augustus:** Kortfilmfees

**17 Augustus:** Klassieke musiekaand

# Moeders gee die beste raad

Dit was Moedersdag en Koerania vra vir vroue wat die beste raad is wat hul ooit van hulle moeders af gekry het.

## Celia Albertyn
(Ma Marie Kruger)



Haar moederwysheid was: Terwyl jy jou kindertjies onder een kombers kan toemaak, het jy nog nie probleme nie en almal maak 'n fout, maar as jy dit weer doen, dan was dit 'n keuse!

## Chantel van Heerden
(Ma Linda Ferreira)



My Ma het maar altyd oor elke probleem vir my gesê, "my kind, bid daaroor " en DAN "Staan op, trek aan, sit n lippie op en kam jou hare dan voel jy sommer klaar beter!"

## Grietjie van Schalkwyk
(Ma Hanna Kluyts)



Gee altyd jou beste. Niemand kan meer as jou beste van jou verwag nie. Jou beste is nie noodwendig beter as jou maatjie sin nie, maar dis JOU beste en dan kan jy trots voel.

## Ilze Smit
(Ma Joan van der Merwe)



Leer uit jou en ander se foute. Iets van my ma wat ek altyd saam met my sal dra is dat sy altyd haar kinders en kleinkinders se behoeftes voor haar eie stel.

## Lana Maree
(Ma Linda Visser)



My ma is 'n vrou van min woorde, maar sy het altyd iets gesê wat my laat glimlag het. Sy het gesê: 'n Man moenie alles weet nie, hy moet net alles eet.

## Retha Brink
(Ma Leonore Malan)



'n Huwelik (en eintlik elke vriendskaps-verhouding) is nie 'n 50/50 kontrak nie, maar 110/110 en die pad na 'n man se hart, loop deur sy maag.

## Yolande Swanepoel
(Ma Heleen Deysel)



Moet nooit iets doen wat jy dink verkeerd is nie, want dit vat net eenkeer om verslaaf te raak. Dis hoekom ek nooit gerook het nie! Sy het ook gesê as jy vandag 'n kopspelt vat wat nie aan jou behoort nie is dit more 'n potloot en voor jy jou kry steel jy geld of 'n kar en sit jy in die trok

## Ronel Bekker
(Ma Nellie van der Linde)



Wees altyd die beste jy, liefdevol en vergeef maklik. Moenie jou met ander vergelyk nie. Jy is jy!


# Huweliksklokke lui



Anja & Andre Nel
13 April | Sandgat
Foto **Dia van Staden**



Nadia & James Schietekat
6 April | Die Bult
Skandeer kode om video te besigtig
Foto **Cherise Barnard**



Esther & Kenneth Bain
6 April | Vivaldi@78
Foto **Karen J van Rensburg**



Praat Saam
KOERANiA
mense weet
www.koerania.co.za

# Huppelkind laat die tonge met wyn tintel



So het die Huppelkindsaal vol dames met oorgawe saam gekuier...



Esna de Beer, Suné Grobbelaar, ds Ruan Combrink en Elzaan Verster het elkeen 'n besondere aandeel aan die aand gehad. Ds Ruan was die spreker wat vroue op 'n unieke wyse herinner het hoe mans en vroue se denke verskil.

**Dia van Staden** - Redakteur

Die eerste suksesvolle wynproegeleentheid is onlangs by die Huppelkind Dagsorgsentrum aangebied. Suné Grobbelaar, een van die ouers en lid van die beheerliggaam, het primer die wynproe en bykomende reëlings hanteer. Hennie Husskison is van Douglas afkomstig en het 'n baie breë kennis van wyn waarmee hy kon spog.

Dominee Ruan Combrink het die aand afgekop met 'n humoristiese aanbieding oor die verskil tussen mans en vroue en hoe aannames toe moeilikheid kan lei.

Daar is heerlik geproe aan 'n verskeidenheid varieteite en die manne van die beheerliggaam het bont gestaan om almal se glasies geskink te kry. Die groot groep vroue wat die aand bygewoon het is getrakteer met mooi musiek, lekker wyn en smaaklike soetgoed.

Die hoof van Huppelkind, Esna de Beer, sê dat hul gaan poog om dié lekker kuier- en fondsinsamelingsgeleentheid 'n jaarlikse instelling te maak.



Die dames het elkeen 'n glasie gelig vir Huppelkind.

ELEKSA Pendeldiens

**Eleksa Orania Pendeldiens**
van Kleingeluk tot by Orania-Wes.
Stoppe op die roete vertrek by Gannabos, Kuierstoep, Olienhout Woonstelle, Karooland Sentrum, ou Poskantoorgebou (Karoosig Aftreeoord) Eleksa en Vulstasie.

**Tot en met 20 April is alle ritte gratis.**

Vanaf 22 April sal die kaartjiekostes vir onbeperkte ritte per dag as volg wees:
Ritkaartjie Ɐ10.00 | Dagkaartjie Ɐ30.00
6 Dae (weekkaartjie) Ɐ120.00
26 dae (maandkaartjie) Ɐ400.00

Bejaardes 80 en ouer, tussen 09:00 en 16:00 gratis vervoer.

Vertrektye vanaf Gannabos elke halfuur vanaf 06:30

Vulstasie elke halfuur vanaf 06:45 tot 09:00. Daarna uurliks, op die uur vanaf Gannabos en op die halfure vanaf Vulstasie.

Dienste stop daagliks om 20:15 en Saterdae om 15:00

**GEEN DIENSTE OP SONDAE EN GEESTELIKE VAKANSIEDAE NIE!**



VERTREKTYE

Kontak Jannie Roux 082 573 4575



OKKASIE HASIE
maak elke funksie 'n fees!
Dia van Staden • 083 726 1180 • dia@mweb.co.za

KOERANIA
Sport
Mei, 2024 | Volume 01 | Uitgawe Nr. 06

Afsaal eiendomme
eerste op die voorgrond
ORANIA VRYHEID
Kontak ons vandag
053 207 0040
079 192 4337
eiendom@afsaal-op-orania.co.za
h/v Pêrellaan & Saffierstraat, Orania

# Oop valskerms en hope adrenalien



Lede van die taak- en protospan beplan al maande aan 'n adrenalienoefening wat hulle op 'n emmerlys as 'n hoogtepunt kan aftik. Theuns Wessels, Joost Strydom, Daniël Coetzee, Cobus Kirsten en kampkok, Fanie Geldenhuys, het die tog aangepak.

Die ervaring wat toe in Parys, Vrystaat, afgespeel het, word na afloop daarvan as 'n adrenalienervaring soos min ander ervarings beskryf. Theuns Wessels vertel dat hy dit vir enige persoon sal aanbeveel wat hom of haarself wil uitdaag. "Daar word baie kennis binne 'n dag en 'n half opgedoen wat jou brein rek," vertel Theuns.

Theuns maak seker dat sy strek reg sal wees vir die springaksie

Joost sê dat die daad by die woord gevoeg is nadat hy met Freddie Peters, 'n vriend in Parys, 'n gereelde valskermspringer, reëlings getref het. Wat hulle gedoen het met die hulp van instrukteurs by Skydive Parys word geassimileerde vryval genoem. "Die uitkamp en kuier was 'n goeie spanbouaksie. 'n Paar van ons wou dit lankal doen en die feit dat jy onder druk moet dink en doen is altyd vir ons 'n goeie uitdaging," sê hy.


Daniël het die protospan verteenwoordig en vir hom, wat ook 'n vlieënier is, was dit 'n lieflike ervaring waar hy opnuut respek gekry het vir die kragte van die natuur. Hy verduidelik dat dit wêreldklas vryvalopleiding was. "Elkeen het homself en mekaar beter leer ken deur die unieke ervaring en dit was 'n passievolle span instrukteurs wat die opleiding aangebied het," vertel hy.

Vir Cobus, wat 'n fiksheidsbewuste man is, was dit ook 'n besonderse ervaring.

Joost eindig sy vertelling met 'n opmerking dat dit hom trots gemaak het om te sien dat die veiligheidsmanne nie getwyfel het toe dit by die uitvoer van die sprong gekom het nie. "Dit maak dat jy nog meer vertroue in 'n spanmaat kry."



Taakspanlede Theuns Wessels, Fanie Geldenhuys, Joost Strydom, Cobus Kirsten en Daniel Coetzee



In die tuig



Sukses

# Dantél stel hoë eise aan haarself

Dantél Oosthuizen is nie 'n dame wat jy sonder handskoene wil aanvat nie. Daar is baie skop in daardie lyfie wat tans hard werk om op 8 Junie aan die IFBB-kompetisie (International Fitness and Bodybuilding Federation) in Kimberley deel te neem.



Sy het besluit om aan die Fiksheid en Bikini-afdeling deel te neem, waar jy die vorm van jou spiere vertoon en nie soos 'n kragopteller lyk nie. Dantél sê sy wil nie werklik bonkige spiere bou nie, want dan beweeg jy na 'n volgende vlak van oefen en dieet toe. "My man het gesê hy sal vir my aandui wanneer dit genoeg is," vertel sy laggend.

Dié dame sou in Maart 2024 aan 'n soortgelyke kompetisie in Kathu deelneem, maar dit is 4 dae voor die kompetisie gekanseleer as gevolg van te min inskrywings. Dit het egter die pad gebaan dat sy outomaties na die provinsiale kompetisie kon deurdring. Die liggaam se herstel na so strawwe voorbereiding toon skoksimptome, want die inname van rooivleis het haar aanvanklik nie goed laat voel nie.

Haar bikini wil sy nog nie vir ons wys nie, maar sy het dit by 'n voormalige deelnemer aan 'n soortgelyke kompetisie bekom. "Dit is 'n duur kompetisie om aan deel te neem, aangesien die vereistes vir klere, skoene, grimering, hare alles deur die federasie bepaal en verskaf word," verduidelik sy.

Tydens 'n seminaar wat onlangs oor die kompetisiereëls vir deelname aangebied is, is sy beindruk met die organiseerders se voorbereiding en toepas van reëls wat ook deelnemers se veiligheid en gesondheid beklemtoon.


Dantél oefen tweekeer per dag, en dit is buiten die ongeveer drie klasse wat sy daagliks in skopboks en fiksheid in haar gimnasium tuis aanbied.



Die intensiteit van haar program neem drie weke voor die kompetisie toe. Dan word een spiergroep per dag streng geoefen vir daardie finale afronding. "Dit is maklik om spiere te verloor, want dit wys deur wat jy in jou mond sit," vertel die selfversekerde vrou.

'n Streng dieet vol hoë proteiene en geen suiker of sout vir die laaste drie weke voor die kompetisie, is vir haar die uitdagendste. Aangesien suiker spiere afbreek en sout vog bou word dit drasties verminder. "Ek gebruik pienk sout in plaas van tafelsout." Die inname van genoeg proteiene bied meer krag en die geleentheid om met swaarder gewigte te oefen.

Haar hoogtepunt van elke dag vir die laaste drie weke sal die proteienmelkskommel wees wat sy mag drink. Dit sal minimum vrugte insluit. Die laaste 10 dae voor die kompetisie moet sy daagliks tyd in 'n sauna deurbring om die vog van die spiere af te verlaag. Die maksimum water wat sy mag inneem gedurende die hele laaste week is 500ml. Sy erken dat dit nie gesond is nie, maar is dankbaar dat dit net 'n kort tydjie is. Krampe is iets wat opduik as gevolg van die min vog, maar vir haar is dit nie so erg dat jy dit nie kan hanteer nie.



Op die dag van die onderhoud het Dantél 50.5kg geweeg en sy verduidelik dat sy nog nooit so lig was nie, maar voeg by dat dit is omdat sy baie min vet om die lyf het en daar op spiere gefokus word.

Koerania hou duimvas vir dié ma van drie kinders wat nou haar wens om aan so 'n kompetisie deel te neem, gaan vervul. Haar man, Arnold verwys trots na sy vrou: "Dié vrou is iets anders!"